

'n Rok vir die NUWE JAAR

Wat kan jy
 aantrek Nuwe-
jaarspartytjie toe,
strand toe, dorp
toe, volgende
week werk toe?
Maak hierdie
maklike rok vir ál
hierdie geleent-
hede. Deur
Anita Fourie

Hier is 'n maklike patroon om vir jou 'n hoogmode rok, vir minder as R100, te maak. Jy kan die rok kort of lank, van lycra, viskose, georgette, linne of crêpe maak, nes jy verkies. Ons rok is van wit lycra gemaak en die materiaal (150 cm breed) het R55 per meter gekos. Die mousgate is op die skouers effens weggesny en, soos die hals, met skuistroke wat uit dieselfde materiaal gesny is, omgeboor. Jy kan ook gekoopte skuinsband (*bias binding*) van katoen of satyn gebruik. Trek jou gunstelingskoene aan, tooi jou verder met 'n hoedjie, serpie, jou goue juwele, 'n strandhoed of 'n baadjie op en jy kan nie 'n voet verkeerd sit nie!

BENODIGDHEDE

Vir patroon: bruinpapier of koerantpapier; kokipen; lang liniaal.

Rok: 1 1/2 m effekleurige materiaal van 150 cm (of 2 m van 115 cm) breed, bypassende gare, 1 knopie (of 'n 55 cm-rits indien verkies), 1 pakkie skuinsband indien verkies.

MATE

- Die patroon op die diagram is vir grootte no 36. Om die patroon groter te maak, sny 1,2 cm per groter grootte by kantnate aan (of kleiner by kleiner nommers), behalwe by hals- en mou-openinge, waar jy 4 mm aansny).
- As jou heupmaat groter as die standaard 36 (38, 40) is, meet jou heupmaat oor die breedste deel en knip die patroon dan geleidelik van die middel af (werklike heupmaat + 15 cm) groter. (Maak eers die koerantpatroon groter voor jy die rok op die materiaal uitknip!)
- Die patroon is 130 cm lank. Sny by die soom aan om die rok langer te maak of af om korter te maak.

MAAK SÓ

Patroon

1. Plak 3 dubbelvelle koerantblaaië aan mekaar vas. Met die liniaal en kokipen, trek 8 x 10 cm-blokke dwars en 14 x 10 cm-blokke af. Merk die blokke van 1 tot 14 af en A tot H dwars.
2. Trek nou die patroon volgens die diagram hiernaas op jou selfgemaakte groot diagram af en knip uit. Elke blokkie op diagram 1a stel 10 x 10 cm op jou selfgemaakte patroon voor.

Rok

1. Vou materiaal dubbel in die lengte. Lê voorpant op die vou en steek vas. Pas agterpant langs voorpant (of laer af vir 115 cm-breed materiaal) in en steek vas. Knip uit. Knip 3 skuinsstroke, lank genoeg vir hals- en mousgatopeninge, uit.
2. RYG pylinate op voorpant (en indien nodig, op agterpant) in en ryg sy- en skouernate vas. Laat twee spleetopeninge by soom in synate toe. Ryg agterpante aan mekaar vas en laat 'n 5 cm-opening by halslyn. (Indien verkies, kan jy 'n spleet in die middelagternaat maak en 'n ritssluiters insit.) Pas aan en verstel waar nodig. Stik pylinate en nate toe. Stryk nate plat. Stik opening agter by halslyn en spleetopeninge vas en stryk. Kap nate en soomlyn om. Stryk.
3. Maak stiksels, 5 mm van rand af, om halslyn en mousgate (*stay-stitch*). RYG skuinsstroke of skuinsband aan verkeerde kant van hals- en mou-openinge vas. Stik skuinsstroke vas. Trek rygsels uit. Vou skuinsstroke om en RYG op regtekant vas. Stik vas en stryk, maar wees versigtig dat hals- en mousgate nie rek nie.
4. Maak 'n lussie aan halsopening en werk knopie aan. Soom en stryk.



